VRL BELEID

1. VERKIESING

- Verkiesing van VRL vind aan die begin van die jaar in klasverband plaas.
- Nominasies vind plaas deur 'n nominasievorm te voltooi. Elke leerder in die klas mag 'n maksimum van 5 leerders nomineer.
- Kriteria vir nominasielys:
  - o Ten minste twee nominasies
  - o 'n Jaarpunt van ten minste 50% in die vorige jaar
  - o Ten minste 250 positiewe punte en nie meer as 400 negatiewe punte in die vorige jaar
- Twee persone per klas word verkies op 'n demokratiese wyse per stembrief. 'n Seun en dogter of twee seuns of twee dogters kan verkies word.
- Die twee verkose leerders tree onder andere as klasleiers op.
- Stembriewe word by mev. Jonker in bewaring gehou.
- Elke VRL-lid teken 'n erekode aan die begin van hul termyn.

2. KOMITEES EN DAGBESTUUR

- VRL-lede dien op die volgende komitees: Middie-Hart, Dissipline, Fondsinsameling/Liefdadigheid, Sekuriteit en Bemarking.
- 'n Dagbestuur van 5 lede word uit die verkose Graad 11-lede gekies.
- Graadverteenwoordigers uit graad 8-12 sal ook verkies word wat dagbestuurvergaderings sal bywoon.

3. PLIGTE

- Neem sekere pligte van die voogonderwyser oor indien nodig (presensie neem, vorms inneem, afwesighede aanmeld).
- Kommunikasie tussen voogonderwyser en klas.
- Pretdae – tema van klas, aktiwiteite, kreet, ens.
- Hou pienk uittekenstrokies in 'n lêer en stel voogonderwyser in kennis van gereelde uitteken.
- Hou VRL-vorm op datum en handig vorm elke Vrydag tydens voogperiode in by mev. Jonker en haal weer op Maandae af.
- By aanvang van elke periode moet die klasonderwyser voorsien word van name van afwesige leerlinge.
- Handhaaf dissipline in klasse en onder leerders.
- Rapportering van boelies, verbodemiddel-gebruik, besit van enige vorm van wapens, wangedrag en disrespek teenoor ander leerders en onderwysers.
- Help om nuwe leerders te laat tuis voel.
- Een fondsinsamelingsprojek per jaar vir VRL-fonds.
- Liefdadigheidswerk in die skool en dorp.
- Hekdiens, sekuriteit en bemarking tydens funksies.
- Beman waterpunte by padwedlope en Alzu Tour de Farm.
- Verteenwoordig klas by die VRL-vergaderings.

- Personeelverjaarsdae.
- Hulpverlening tydens oueraande (bv. wys waar lokale is).
- Spreek behoeftes van alle leerders in die skool aan (bv. leerders wat nie kos en klere het nie, emosionele probleme).
- Leerders ingelig te hou omtrent gebeure in die skool en gemeenskap.
- Ondersteuning aan leerders te verleen tydens krisistye.
- Stel 'n positiewe voorbeeld vir leerders en bevorder die beste belange van die skool.
- Beeld die volgende eienskappe uit: betroubaarheid, goeie kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede, selfvertroue, toewyding, 'n positiewe gesindheid en 'n behoefte om te dien.

4. ERKENNING

- VRL-lede dra Middiehemde met donker, lang denim en wit tekkies wanneer hulle die VRL (skool) verteenwoordig.
- Aan die einde van die jaar verdien 'n VRL-lid positiewe punte indien hulle hul take nougeset uitgeoefen het en kry ook erkenning by die prysuitdeling.

5. TUG

- Indien 'n VRL-lid 400 negatiewe punte het, word hy/sy verwyder van die VRL.
- 'n VRL-lid wat nie 'n vergadering of funksie sonder verskoning bywoon nie, sal negatiewe punte kry.